47. Elkeen wat 'n voedings-, genees- of ontsmettingsmiddel of enige ander artikel waaroor hierdie regulasies gaan, verkoop, as dit nie met enige bepaling of vereiste van hierdie regulasies ooreenkom nie, of wat andersins so 'n bepaling of vereiste by daad of versuim verontagsaam, is by skuldigbevinding aan 'n eerste oortreding strafbaar met 'n boete van hoogstens £50, en by skuldigbevinding aan 'n tweede oortreding met 'n boete van hoogstens £100, en by enige daaropvolgende skuldigbevinding met 'n boete van hoogstens £200; en as daar bewys word dat die oortreding opsetlik of moedswillig begaan is, in plaas van so 'n boete, of bo en behalwe so 'n boete gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens ses maande met of sonder dwangarbeid.

BYLAE A.

Metode vir die Daarstelling van die Karbolsuur-Koëffisiënt van Kiemdodende Vloeistowwe.

By die toepassing van die Ordonnansie op Voedings-, Genees- en Ontsmettingsmiddels 1952 (Ordonnansie 36 van 1952), moet die wyse waarop die kiemdodende krag of sterktegraad van kiemdodende vloeistowwe vasgestel word, ooreenkomstig die Britse standaard-tegniek wees vir die bepaling van die Rideal-Walker-koëffisiënt van ontsmettingsmiddels soos neergelê in pamflet 541 van 1934, uitgegee deur die *British Standards Institution*, 28 Victoriastraat, Londen S.W. 1, en hieronder herdruk:—

Nothing in this regulation shall be deemed to prevent the addition of stramonium, lobelia or other special ingredient to any article intended for smoking or use by persons suffering from asthma or other disease, provided that the addition is stated on the label.

Duties of Analysts, Pathologists and Inspectors.

45. (1) The duties of analysts and pathologists under the Ordinance shall be to analyse or examine and report on samples of food, drugs and disinfectants taken and submitted to them by due authority under the Ordinance, and to carry out any other duties devolving upon them under the Ordinance or regulations. Reports on such samples shall be in the form shown in Annexure D, or, in the case of disinfectants, in Annexure B.

(2) The duties of inspectors shall be to make such inspections and to purchase or take such samples of any article of food, drug or disinfectant and to carry out such other duties under the Ordinance and regulations as may be instructed by the Secretary or his duly appointed deputy authorised to act on his behalf, or — where the inspector is employed by a local authority to which the administration of the relative provisions of the Ordinance and regulations has been delegated by the Administrator under sub-section (3) of section *two* of the Ordinance — by the Medical Officer of Health or other duly authorised officer of such local authority.

(3) Whenever an inspector seizes or removes any article under the provisions of the Ordinance or these regulations, he shall tender to the owner or his manager, agent or servant present, a copy of an inventory of all articles removed by him, duly signed by the inspector and witnessed.

Registration of General Warranty.

46. (1) Applications for registration of general warranties, and certificates of registration of such warranties, shall be on the form shown in Annexure C.

(2) The fees for registration of general warranties shall be:—

(a) For every initial registration, and to cover the period ending 31st March next ensuing	£5.5.0
(b) For each renewal up to 31st March next ensuing	£1.1.0

Such fees must be paid to the Secretary before the certificate can be issued. Original certificates of registration should accompany all applications for renewals.

Penalties.

47. Any person who sells any article of food or any drug or disinfectant or any other article mentioned in these regulations which is not in accordance with any provision or requirement of these regulations or who otherwise contravenes or fails to comply with any such provisions or requirements shall be liable on conviction for a first offence to a fine not exceeding £50, and for a second offence to a fine not exceeding £100, and for any subsequent offence to a fine not exceeding £200; or if it is proved that the offence was knowingly or wilfully committed, instead of or in addition to a fine, to imprisonment with or without hard labour for a period not exceeding six months.

ANNEXURE A.

Method of Determining the Carbolic Acid Co-efficient of Liquid Germicides.

The method of determining the germicidal power or efficacy of liquid germicides for the purposes of the Food, Drugs and Disinfectant Ordinance, No. 36 of 1952, shall be in accordance with the British Standard Technique for determining the Rideal-Walker co-efficient of disinfectants as laid down in pamphlet No. 541, 1934, published by the British Standards Institution, 28 Victoria Street, London, S.W. 1, and reprinted hereunder:—

Britse Standaardtegniek vir die Bepaling van die Rideal-Walker-Koëffisiënt van Ontsmettingsmiddels.

Opmerking:—

(i) Met die ontwikkeling van die huidige tegniek vir die Rideal-Walker-toets is elke stap van die prosedure onderwerp aan die sorgvuldigste ontleding, en ten gevolge daarvan het dit duidelik geword dat die strengste aandag aan elke detail noodsaaklik is as verskillende werkers gelykluidende uitslae moet verkry.

(ii) Sindelike werk is dwarsdeur die toets noodsaaklik ter voorkoming van onopsetlike besmetting. Die toets moet in 'n stof- en treklose laboratorium uitgevoer word.

(iii) Organismes wat die werking van 'n ontsmettingsmiddel oorleef het, mag onder geen omstandighede in die toets gebruik word nie.

APARAAT.

Inentingslis.

'n Lis van 4 mm. binne-deursnee word gemaak aan die end van 'n stuk 28 S.W.G. platina of platina-iridium-allooi-draad (.0148 dm. deursnee) wat 38 mm. lank vanaf die lis tot by die handvatsel is, en die handvatsel is 'n dun metaalstafie of -buisie.

Die lis word teen so 'n hoek op die draad omgebuig dat dit die verwydering van die lis loodreg van af die oppervlakte van die vloeistof vergemaklik terwyl die vlak van die lis horisontaal bly.

Broeikas.

'n Broeikas word op 'n temperatuur van 37° C ± 1° C. gehou. Daar moet sorg gedra word dat die temperatuur vir die hele broeikas redelik konstant is.

Pipette.

Verskeie akkuraat gestandaardiseerde pipette met inhoudsmaat van 5 ml.

Druppelpipet.

'n Steriele druppelpipet wat 0.2 ml. lewer (in ongeveer 5 druppels).

Toedieningsbuise.

Vyf steriele proefbuise van 5 dm. × ¾ dm. met proppie. As alternatief kan spesiale flesse ook gebruik word. Sulke houers moet in twee dele gemaak word van gesmelte kieselaarde met afmetings soos figuur 1 aantoon. Die boonste gedeelte of kap van die fles moet los bo-op pas, soos aangetoon.



British Standard Technique for Determining the Rideal-Walker Co-Efficient of Disinfectants.

Note:—

(i) In the development of the present technique of the Rideal-Walker test every stage of the procedure has been the subject of the closest analysis, as the result of which inquiry it has become evident that the strictest adherence to every detail is essential if concordant results are to be secured by different workers.

(ii) Cleanliness of working throughout the test is essential to avoid accidental contamination. The test should be conducted in a laboratory free from dust and draughts.

(iii) Organisms that have survived the action of a disinfectant shall in no circumstances be used in the test.

APPARATUS.

Inoculating Loop.

A loop, 4 m.m. in internal diameter, is formed at one end of a length of 28 S.W.G. (.0148 in dia.) wire of platinum, or platinum iridium alloy, which is made 38 m.m. long from the loop to the holder, the latter consisting of a thin metal rod or tube.

The loop is bent at such an angle to the length of the wire as will facilitate the removal of the loop vertically from the surface of the liquid while keeping the plane of the loop horizontal.

Incubator.

An incubator, set and maintained at a temperature of 37° C. ± 1° C. Care should be taken to ensure that the temperature throughout the incubator is reasonably constant.

Pipettes.

Several accurately standardised pipettes, made with a *capacity* of 5 ml.

Dropping Pipitte.

A sterile dropping pipette made to deliver 0.2 ml. (in about 5 drops).

Medication Tubes.

Five sterile plugged 5 in. × ¾ in. test tubes.

Alternatively, special bottles may be used. Such vessels should be made in fused silica, in two parts, dimensioned as in Fig. 1. The upper part or cover to the bottle should fit loosely as shown.



Geringe afwykings van die afmetings in die figuur aangetoon, is toelaatbaar mits die inhoudsmaat van die fles (ongeveer 30 ml.) onveranderd bly en die kap loos daarop pas.

Boeljonbuise.

Ongeveer twee dosyn toetsbuise 5 dm. × ¾ dm. van harde glas gemaak.

Maatsilinders.

Een 1-literse maatsilinder met grade van 10 ml. met prop.

Een maatsilinder van 500 ml. met grade van 10 ml. met prop en buitenste middellyn van minstens 48 mm. en hoogstens 53 mm., en 'n inhoudsmaat bokant die gegradeerde deel van minstens 70 ml. en hoogstens 120 ml.

Vyf gegradeerde maatsilinders van 100 ml. met grade van 1 ml. met proppe.

Alle apparate moet onmiddellik voor gebruik silwerskoon en steriel wees.

REAGEERMIDDELS.

Boeljon.

'n Standaard-boeljon van Rideal-Walker wat soos volg berei word:—

Twintig grm. Lab-Lemco, 20 grm. peptone (Allen en Hanbury se Eupeptone) en 10 grm. natriumchloride word in 1.000 ml. gedistilleerde water opgelos. Die oplossing word 30 minute lank gekook, afgekoel en tot 1,000 ml. gebring deur toevoeging van varsgekookte gedistilleerde water. Vyf-en-twintig ml. van die boeljon word dan met N/10-oplossing natrium-hidroksiede op 37° C. getriteer waarby 0.1 ml. van 'n 0.5 persent fenolftaleïne-oplossing as indikator gebruik word.

Deur berekening op hierdie titrasie word die boeljonmassa dan op 37° C. met 'n normale oplossing natriumhidroksiede geneutraliseer. Die mengsel word dan 'n halfuur lank gekook of gestoom om die fosfate te laat neerslaan wat, terwyl die boeljon warm is, deur filtrasie verwyder word. Daarna word die boeljon op 7.6 pH gebring deur byvoeging van normale hidrokloorsuur met gebruikmaking van fenolrooi vir vergelyking. Die alkali en suur moet langsaam bygevoeg word terwyl die oplossing goed geskud word. Die boeljon word dan in sy massa gesteriliseer, òf in 'n outoklaaf, en dan een keer vir 20 minute onder een-atmosfeerdruk, òf deur dit 20 minute lank op elk van drie agtereenvolgende dae te stoom.

Daarna word dit deur filtreerpapier gefiltreer en in hoeveelhede van 5 ml. oorgegiet in die 5 dm. × ¾ dm. se boeljonbuisies van harde glas wat vooraf skoongemaak, met proppe voorsien en gesteriliseer is. Die buisies met die medium word dan gesteriliseer, òf tien minute lank in 'n outoklaaf teen een-atmosfeerdruk, òf deur dit 20 minute lank op elk van drie agtereenvolgende dae te stoom. Die uiteindelike reaksie van die medium behoort dan tussen pH 7.3 en pH 7.5 te lê.

As dit een keer gesteriliseer is, hou die boeljon-massa vir 'n onbepaalde tyd goed. Wanneer dit in die boeljonbuise is, kan verdamping maklik deur die proppe geskied as die buisie 'n lang tyd voor gebruik gehou word. Verdere hersterilisasie in massa of in buise is nie veroorloof nie.

Organisme.

Die organisme wat gebruik word is die *Bacillus typhosis* waarvan 'n geskikte kultuur verkry moet word van:—

Die Kurator,
Nasionale Versameling van Kultuursoorte,
Lister Instituut,
Chelsea Gardens, Londen, S.W. 1.

Die doel waarvoor die kultuur nodig is, moet vermeld word.

Daar moet beklemtoon word dat die gebruik van 'n standaardsoort noodsaaklik is.

Slight variations from the dimensions indicated in the figure are permissible so long as the capacity of the bottle (approximately 30 ml.) remains the same and the top fits loosely over it.

Broth Tubes.

About two dozen 5 in. × ¾ in. hard glass test tubes.

Measuring Cylinders.

One stoppered 1 litre cylinder graduated to 10 ml.

One stoppered 500 ml. cylinder graduated to 10 ml., and having an external diameter of not less than 48 m.m. and not greater than 53 m.m. and a capacity above the graduated portion of not less than 70 ml. and not greater than 120 ml.

Five stoppered 100 ml. cylinders graduated to 1 ml.

All apparatus must be scrupulously clean and sterile immediately before use.

REAGENTS.

Broth.

A standard Rideal-Walker broth, prepared as follows: Twenty grm. of Lab. Lemco, 20 grm. of peptone (Allen and Hanbury's Eupeptone), and 10 grm. of sodium chloride are dissolved in 1.000 ml. of distilled water. The solution is boiled for 30 minutes, cooled, and made up to 1,000 ml. with freshly boiled distilled water. Twenty-five ml. of the broth is then titrated at 37° C. with N/10 sodium hydroxide solution, using 0.1 ml. of 0.5 per cent phenolphthalein solution as indicator.

By calculation from this titration the bulk of the broth is then neutralised at 37° C. with normal sodium hydroxide solution. The mixture is brought to the boil or steamed for half-an-hour to bring down phosphates, which are removed by filtration whilst the broth is hot. The broth is then adjusted to a pH value of 7.6 by the addition of normal hydrochloric acid, using a comparator with phenol red. The alkali and the acid, should be added slowly and with vigorous shaking. The broth is then sterilised in bulk, either by autoclaving once for 20 minutes at one atmosphere pressure, or by steaming for 20 minutes on each of three successive days. It is then filtered through filter paper, and placed in quantities of 5 ml. in the 5 in. × ¾ in. hard glass broth tubes, which have previously been cleaned, plugged and sterilised. The tubes of media are then sterilised either by autoclaving for 10 minutes at one atmosphere pressure, or by steaming for 20 minutes on three successive days. The final reaction of the medium should lie between pH 7.3 and pH 7.5

When once sterilised, the broth keeps indefinitely in bulk. When in the broth tubes, evaporation is liable to take place through the plugs if the tubes are kept for a long period before use.

Further resterilisation in bulk or in tubes is not permissible.

Organism.

The organism used is *Bacillus Typhosis*, of which a suitable culture shall be obtained from:—

The Curator,
National Collection of Type Cultures,
Lister Institute,
Chelsea Gardens, London, S.W. 1.

The purpose for which the culture is required shall be specified.

The extreme importance of using the standard strain is emphasised.

Vir die doel van die toets word 'n klein gedeelte van die kultuur in 'n buis met Rideal-Walker se boeljon geplaas 'n vier-en-twintig uur lank op 37° C. uitgebroei. 'n Standaardlisvol word dan na 'n ander buis oorgeplaas wat dan op sy beurt, soos tevore, uitgebroei word. Dit word minstens drie agtereenvolgende geslagte herhaal in boeljon, voordat die toets uitgevoer word. Die maak van sub-kulture mag hoogstens veertien dae in beslag neem. Dit is gerieflik om elke week met 'n nuwe reeks uit idio agar te begin. (*)

Dit is raadsaam om elke maand 'n nuwe kultuur te kry en dit op hierdie manier in boeljon aan die gang te sit. As dit onpraktries is, moet daar seker gemaak word dat die organisme soos hieronder uiteengesit, aan die vereistes van die toets voldoen, binne die perke van die gespesifiseerde oplossing van karbolsuur.

Wanneer 'n toets uitgevoer moet word, word die prop van die boeljonkultuurbuis vervang deur dié van die drupperpipet, die punt van hierdie pipet moet onder die oppervlakte van die kultuur wees, wat deeglik gemeng en 'n halfuur lank op 17—18° C. vir besinking gelaat moet word, voordat dit gebruik word.

Kulture wat tekens van kloutvorming toon, moet weggegooi word.

Standaard-Fenol (Karbolsuur).

Suiwer fenol met 'n kristalliseerpunt van minstens 40.5° C. moet gebruik word. 'n Vyf-persent se voorraadoplossing in steriele gedistilleerde water (bevattende 5 grm. suiwer fenol op elke 100 ml. van die oplossing) word berei en gebruik as kontrole-verdunnings, wat in die volgende verhoudings moet wees:—

1 grm. suiwer fenol vir elke 95 ml. van die oplossing.
1 grm. suiwer fenol vir elke 100 ml. van die oplossing.
1 grm. suiwer fenol vir elke 105 ml. van die oplossing.
1 grm. suiwer fenol vir elke 110 ml. van die oplossing.
1 grm. suiwer fenol vir elke 115 ml. van die oplossing.

Hierdie verdunnings mag nie langer as 'n week gehou word nie.

Metode.

Die mouster van die ontsmettingsmiddel wat getoets moet word, moet deeglik gemeng word voordat enige gedeelte daarvan vir toetsing onttrek word. Dit kan desnoods in 'n droë houer van voldoende grootte vir die doel geplaas word. Die gedeelte vir die toets moet uit die middel van die monster geneem word. Die toetsgedeelte van 5 ml. moet soos hierbo geneem word deur 'n 5-ml. se pipet tot bokant die merk te vul, aan die buitekant met steriele watte skoon af te vee, en die inhoud tot op die merk te laat sak. Daarna word die inhoud gegiet in 'n 500-ml. maatsilinder wat vooraf tot ongeveer op die 480-ml. merk met steriele gedistilleerde water op 'n temperatuur van tussen 17° en 18° C. gevul is, met die punt van die pipet onder die oppervlakte van die water. Die pipet moet drie keer, of meer keer waar die vlocistof taai is, uitgespoel word deur herhaalde opsuiging van die helder gedeelte van die vlocistof. Die geheel word dan tot op 500 ml. gevul met steriele gedistilleerde water, die prop word op die silinder gesit, en die inhoud word deeglik gemeng deur dit vyftig keer met 'n kurktrekkerbeweging om te keer.

Geskikte toetsverdunnings word dan onmiddellik van hierdie voorraadoplossing gemaak, waarby steriele gedistilleerde water gebruik word (sien aanhangsel A).

By soliede bestanddele wat met water vermeng baar is, moet die voorraad-oplossing volgens gewig berei word.

Vyf milliliter van die vier gekose verdunnings moet in elk van vier van die geënte, steriele toedieningsbuise of -flesse van 5 dm. × ¾ dm. geplaas word, met die swakste oplossing eerste. (As die ko-effisiënt totaal onbekend is, is dit noodsaaklik om een of meer reuseertoetse met wyd-verskillende verdunnings uit te voer.) Hierdie toedieningsbuise moet dan in 'n rak geplaas word met 'n waterbad wat teen 'n konstante temperatuur van tussen

(*) As dit op 'n besondere dag onmoontlik is om sub-kulture te maak, kan 'n kultuur van 48 uur vir latere sub-kulture gebruik word, mits gedurende die tydperk van 48 uur die kultuur in die broeikas gehou is, maar in sulke gevalle moet 'n verdere subkulturproses van 24 uur uitgevoer word, voordat die toets gemaak word.

For the purpose of a test, a little of the growth is placed in a tube of the Rideal-Walker broth and incubated for 24 hours at 37° C. A standard loopful is then transferred to a second tube, which is incubated as before. This is done for at least three successive generations in broth before a test is carried out. Sub-culturing must be limited to fourteen days. It is convenient to start a fresh series from the agar each week. (*)

It is advisable that a fresh culture be obtained each month and started in this way in broth. If this is impracticable, care must be taken to ensure that the organism satisfied the requirements of the test, as stated below, within the limits of the specified carbolic acid dilutions.

When a test is to be carried out, the plug of the broth culture tube is replaced by the plug of the dropping pipette; the top of this pipette should be below the surface of the culture, which should be mixed thoroughly and allowed to settle for half-an-hour at 17—18° C. before use.

Cultures showing signs of clumping must be discarded.

Standard Phenol (Carbolic Acid).

Pure phenol having a crystallising point of not less than 40.5° C. must be used. A 5 per cent stock solution in sterile distilled water (containing 5 grm. of pure phenol in each 100 ml. of solution) is prepared and is used for making the control dilutions, which are to be in the following proportions:—

1 grm. of pure phenol in each 95 ml. of solution made.
1 grm. of pure phenol in each 100 ml. of solution made.
1 grm. of pure phenol in each 105 ml. of solution made.
1 grm. of pure phenol in each 110 ml. of solution made.
1 grm. of pure phenol in each 115 ml. of solution made.

These dilutions shall not be kept for more than a week.

Method.

The sample of disinfectant to be tested shall be well mixed immediately before any portion is withdrawn for testing, if necessary transferring it to a dry vessel of sufficient size for the purpose. The test portion shall be withdrawn from the middle of the sample.

The test portion of 5 ml. shall be taken as above, by means of a 5 ml. capacity pipette, which is filled to above the mark, wiped clean outside with sterile cotton wool and run down to the mark. The contents shall then be allowed to discharge into the 500 ml. measuring cylinder, previously filled to about the 480 ml. mark with sterile distilled water at a temperature between 17° and 18° C. with the nozzle of the pipette below the surface of the water. The pipette shall be rinsed out three times, or more in the case of viscous fluids, by drawing up and returning from the clear portion of the fluid. The whole shall then be made up to 500 ml. with sterile distilled water, the cylinder stoppered, and the contents thoroughly mixed by inverting with a corkscrew motion fifty times.

Suitable test dilution shall then be immediately prepared from this stock solution, using sterile distilled water (see Appendix A).

In the case of solid substances miscible with water, the stock solution shall be prepared by weight.

Five millilitres of the four dilutions chosen shall be placed in each of four of the plugged sterile 5 in. × ¾ in. medication tubes or bottles, starting with the weakest solution. (When the co-efficient is quite unknown, it is necessary to perform one or more ranging tests with broadly separated dilutions.) These medication tubes shall then be placed in a rack (provided with a water bath maintained

(*) In cases where, on a particular day, sub-culturing would be impossible, a 48 hour culture may be used for subsequent sub-culturing, provided that during the 48-hour period the culture has been kept in the incubator, but in such circumstances a further 24-hour sub-culturing must be carried out before a test is performed.

17° en 18° C. gehou word, met die sterkste ontsmettingstof aan die linkerkant. Die vyfde toedieningsbuis met 5 ml. van die besondere karbolsuurkontrole moet aan die regterkant geplaas word. 'n Afsonderlike pipet moet gebruik word om die 5 ml. oplossing van karbolsuur op te neem.

Beginnende op 'n nulpunt-tydstip moet 0.2 ml. van die kultuur van die besondere pipet by die linkerkantse toedieningsbuis gevoeg word, wat dan geskud moet word. Dertig sekondes na hierdie byvoeging moet die volgende buis aan die regterkant op dieselfde manier 'n toediening van 0.2 ml. van die kultuur kry, en so moet elke daaropvolgende buis vervolgens met tussenposes van 30 sekondes 'n toediening van 0.2 ml. van die kultuur kry, totdat al die kontrole-karbolsuur uiteindelik toegedien is. Dertig sekondes na die laaste toediening (d.w.s. 2½ minute na die nulpunt-tydstip) word 'n lisvol van die deeglik geskudde inhoud van die buise aan die uiterste linkerkant onttrek en in 'n buis (wat tevore „1" gemerk is) met 5 ml. van die Rideal-Walker-boeljon geplaas. Dertig sekondes na die onttrekking van hierdie lisvol word dieselfde proses met die tweede toedieningsbuis herhaal waar die lisvol na die boeljonbuis gemerk „2" oorgebring word. Hierdie prosedure word met tussenposes van 30 sekondes herhaal met elk van die toedieningsbuise, volgorddik van links na regs, totdat vier stelle van die kultuur gemaak is; dit wil sê onderskeidelik na 2½, 5, 7½ en 10 minute na blootstelling. Die buise moet onmiddellik na toediening geskud word. By elke onttrekking moet daar gesorg word dat die lis in loodregte rigting uit die vloeistof gehaal word met sy vlak in 'n horisontale posisie.

Elke keer na gebruik moet die lis in 'n vlam gesteriliseer word, en daar moet gesorg word dat die lis koud is voordat hy weer gebruik word.

Hierdie twintig buise moet dan minstens 48 uur en uiterlik 72 uur lank op 37° C. broei, wanneer die buise wat *Bacillus typhosus* bevat herken kan word aan die melkagtigheid van die boeljon.

Berekening van Koëffisiënt.

Die Rideal-Walker-koëffisiënt moet verkry word deur daardie verdunning van die ontsmettingsmiddel wat in 2½ en 5 minute tekens van lewe toon, maar nie daarna nie, te verdeel deur daardie verdunning van karbolsuur (1 : 95, 1 : 100, 1 : 105, 1 : 110 of 1 : 115) wat in 2½ en 5 minute tekens van lewe toon, maar nie daarna nie.

Gemaksbalwe kan 'n plusteken gebruik word om 'n buis aan te dui wat lewenstekens van *Bacillus typhoses* toon en 'n minusteken vir 'n buis wat geen lewe of geen *Bacillus typhosus* toon nie.

Waar daar geen voorafgaande toetse uitgevoer is nie en die nodige sterkte van die karbolsuur dus heeltemaal onbekend is, is dit noodsaaklik om 'n afsonderlike toets met net die vyf verdunnings van karbolsuur uit te voer ten einde die kontrole-verdunning van karbolsuur te verkry wat aan bogenoemde vereistes voldoen. Wanneer 'n aantal toetse *gelyktydig* uitgevoer moet word, kan daar egter 'n verskillende verdunning van karbolsuur vir elke toets gebruik word, en daardeur word 'n afsonderlike toets om die kontrole-verdunning van karbolsuur te verkry, onnodig.

Voorbeeld.

Die onderstaande tabel gee 'n tipiese stel uitslae aan:—

Monster van Ontsmettingsmiddel	Verdunning	Tydkultuur is aan werking van Ontsmettingsmiddel onderwerp vir minute			
		2½	5	7½	10
A	1 : 1000	—	—	—	—
A	1 : 1100	+	—	—	—
A	1 : 1200	+	+	—	—
A	1 : 1300	+	+	+	—
Karbolsuur	1 : 100	+	+	—	—

Rideal-Walker-koëffisiënt = 1200/100 = 12.0.

In aanhangsel A is daar 'n tabel wat die Rideal-Walker koëffisiënt aantoon vir 'n reeks verdunnings van ontsmettingsmiddels van 1 : 100 tot 1 : 2500.

at a constant temperature, which shall lie between 17° and 18° C.) with the strongest disinfectant on the left. The fifth medication tube, containing 5 ml. of the particular carbolic acid control, shall be placed on the right. A separate pipette must be used for taking the 5 ml. of carbolic acid solution.

Starting at zero time, 0.2 ml. of the culture shall be added from the special pipette to the left hand medication tube, which shall then be shaken. Thirty seconds after that addition, the next tube on the right shall be inoculated with 0.2 ml. of culture in a similar manner, and so on with each successive tube, at intervals of 30 seconds, until, finally, the carbolic acid control has been inoculated. Thirty seconds after this last addition (i.e. 2½ minutes from zero), a loopful of the well-shaken contents of the tubes on the extreme left shall be withdrawn and placed in a tube, containing 5 ml. of the Rideal-Walker broth, this tube having previously been marked "1". Thirty seconds after this loopful has been withdrawn, a similar operation shall be performed on the second medication tube, the loopful being transferred to a tube of broth marked "2". The procedure shall be repeated at intervals of 30 seconds with each of the five medication tubes, working from left to right, until 4 sets of cultures have been made; i.e., at 2½, 5, 7½ and 10 minutes respectively after exposure. The tubes shall be shaken immediately after medication. In each withdrawal precautions shall be taken to ensure that the loop is removed vertically from the surface of the liquid with its plane horizontal.

The loop shall be sterilized by flaming between each operation, care being taken that the loop is cold before being again used.

These twenty tubes shall then be incubated for not less than 48 hours and not more than 72 hours at 37° C., when the tubes containing *Bacillus typhosus* will be recognised by the opalescence of the broth.

Calculation of Co-Efficient.

The Rideal-Walker co-efficient shall be obtained by dividing that dilution of the disinfectant which shows life in 2½ and 5 minutes but no life thereafter, by that dilution of carbolic acid (1 : 95, 1 : 100, 1 : 105, 1 : 110 or 1 : 115) which shows life in 2½ and 5 minutes but no life thereafter.

It is convenient to refer to a tube showing life of *Bacillus typhosus* by a + sign and a tube showing no life, or no *Bacillus typhosus* by a — sign.

When no previous tests have been carried out, so that the necessary carbolic acid strength is quite unknown it is necessary to carry out a separate test with the five carbolic acid dilutions only, in order to obtain the control dilution of carbolic acid which satisfies the above requirements. When a number of tests have to be carried out *at the same time*, however, a different carbolic acid dilution may be used for each test, thus avoiding the necessity for a separate carbolic acid test to obtain the control dilution of carbolic acid.

Example.

A typical set of results is shown in the following table:—

Sample Disinfectant	Dilution	Time culture was exposed to action of disinfectant in minutes			
		2½	5	7½	10
A	1 : 1000	—	—	—	—
A	1 : 1100	+	—	—	—
A	1 : 1200	+	+	—	—
A	1 : 1300	+	+	+	—
Carbolic Acid	1 : 100	+	+	—	—

Rideal-Walker co-efficient = 1200/100 = 12.0.

A table is included in Appendix A showing Rideal-Walker co-efficient over the range of dilution of disinfectant from 1 : 100 to 1 : 2500.

Opmerking.—Die Rideal-Walker-toets wat hierbo aangegee word, is net van toepassing op bestanddele wat in water oplosbaar is of daarmee vermeng kan word. Dit kan egter op 'n bestanddeel wat nie in water oplosbaar of met water vermengbaar is nie, toegepas word, mits die metode waardeur die bestanddele opgelos of vermeng kan word, in besonderhede verduidelik word in die verslag oor die toets.

AANHANGSEL A.

Die voorraadoplossing van die ontsmettingsmiddel bevat 5 ml. ontsmettingsvlocistof op 500 ml. voorraadoplossing.

Vyf ml. van hierdie voorraadoplossing word met die oog op die toets verdun deur byvoeging van water om 'n totale volume te verkry soos kolom 1 van die onderstaande tabel aantoon. Die hoeveelheid oorspronklike ontsmettingsmiddel in verhouding tot die uiteindelike verdunning staan in kolom 2 van die tabel.

Kolom	Kolom	Koëffisiënt wanneer groei in verdunning van ontsmettingsmiddel gelyk is aan groei in fenol-verdunning van een deel op—				
1	2	95	100	105	110	115
125	1 : 2500	26.3	25.0	23.8	22.7	21.7
120	1 : 2400	25.3	24.0	22.9	21.8	20.9
115	1 : 2300	24.2	23.0	21.9	20.9	20.0
110	1 : 2200	23.2	22.0	21.0	20.0	19.1
105	1 : 2100	22.1	21.0	20.0	19.1	18.3
100	1 : 2000	21.1	20.0	19.0	18.2	17.4
95	1 : 1900	20.0	19.0	18.1	17.3	16.5
90	1 : 1800	18.9	18.0	17.1	16.4	15.7
85	1 : 1700	17.9	17.0	16.2	15.5	14.8
80	1 : 1600	16.8	16.0	15.2	14.5	13.9
75	1 : 1500	15.8	15.0	14.3	13.6	13.0
70	1 : 1400	14.7	14.0	13.3	12.7	12.2
65	1 : 1300	13.7	13.0	12.4	11.8	11.3
60	1 : 1200	12.6	12.0	11.4	10.9	10.4
55	1 : 1100	11.6	11.0	10.5	10.0	9.6
50	1 : 1000	10.5	10.0	9.5	9.1	8.7
45	1 : 900	9.5	9.0	8.6	8.2	7.8
40	1 : 800	8.4	8.0	7.6	7.3	7.0
35	1 : 700	7.4	7.0	6.7	6.4	6.1
30	1 : 600	6.3	6.0	5.7	5.5	5.2
25	1 : 500	5.3	5.0	4.8	4.5	4.3
20	1 : 400	4.2	4.0	3.8	3.6	3.5

Vir swakker kiemdodende middels word 20 ml. van die voorraadoplossing verdun deur die byvoeging van water tot op 'n totale volume wat in kolom 1 van die onderstaande tabel aangetoon word. Die verhouding van die oorspronklike ontsmettingsmiddel en die uiteindelike verdunning word in kolom 2 aangegee.

Kolom	Kolom	Koëffisiënt wanneer groei in verdunning van ontsmettingsmiddel gelyk is aan groei in fenol-verdunning van een deel op—				
1	2	95	100	105	110	115
70	1 : 350	3.7	3.5	3.3	3.2	3.0
60	1 : 300	3.2	3.0	2.9	2.7	2.6
50	1 : 250	2.6	2.5	2.4	2.3	2.2
40	1 : 200	2.1	2.0	1.9	1.8	1.7
30	1 : 150	1.6	1.5	1.4	1.4	1.3
20	1 : 100	1.1	1.0	—	—	—

Opmerking.—Hierdie tabelle is bedoel om die berekening van die uitslae te vergemaklik en daar moet nie beskou word dat dit beperkings lê op die verdunnings wat gebruik moet word nie. Hulle kan na wense uitgebrei word.

Note.—The Rideal-Walker test, as specified above, is applicable only to water-soluble or water miscible substances. It may be applied to a water-insoluble or water-immiscible substance, provided that the method of bringing the substance into solution or suspension is specified in detail in the report on the test.

APPENDIX A.

The stock solution of disinfectant contains 5 ml. of disinfectant fluid in 500 ml. of the stock solution.

Five ml. of this stock solution is diluted for the purpose of the test by the addition of water to make a total volume shown in column 1 of the following table. The proportion of original disinfectant to final dilution is shown in column 2 of the table.

Column	Column	Co-efficient when growths in disinfectant dilution equal to growth in phenol dilution of one part in—				
1	2	95	100	105	110	115
125	1 : 2500	26.3	25.0	23.8	22.7	21.7
120	1 : 2400	25.3	24.0	22.9	21.8	20.9
115	1 : 2300	24.2	23.0	21.9	20.9	20.0
110	1 : 2200	23.2	22.0	21.0	20.0	19.1
105	1 : 2100	22.1	21.0	20.0	19.1	18.3
100	1 : 2000	21.1	20.0	19.0	18.2	17.4
95	1 : 1900	20.0	19.0	18.1	17.3	16.5
90	1 : 1800	18.9	18.0	17.1	16.4	15.7
85	1 : 1700	17.9	17.0	16.2	15.5	14.8
80	1 : 1600	16.8	16.0	15.2	14.5	13.9
75	1 : 1500	15.8	15.0	14.3	13.6	13.0
70	1 : 1400	14.7	14.0	13.3	12.7	12.2
65	1 : 1300	13.7	13.0	12.4	11.8	11.3
60	1 : 1200	12.6	12.0	11.4	10.9	10.4
55	1 : 1100	11.6	11.0	10.5	10.0	9.6
50	1 : 1000	10.5	10.0	9.5	9.1	8.7
45	1 : 900	9.5	9.0	8.6	8.2	7.8
40	1 : 800	8.4	8.0	7.6	7.3	7.0
35	1 : 700	7.4	7.0	6.7	6.4	6.1
30	1 : 600	6.3	6.0	5.7	5.5	5.2
25	1 : 500	5.3	5.0	4.8	4.5	4.3
20	1 : 400	4.2	4.0	3.8	3.6	3.5

For weaker germicides 20 ml. of the stock solution is diluted by the addition of water to make a total volume shown in column 1 of the following table. The proportion of original disinfectant to final dilution is shown in column 2.

Column	Column	Co-efficient when growths in disinfectant dilution equal to growth in phenol dilution of one part in—				
1	2	95	100	105	110	115
70	1 : 350	3.7	3.5	3.3	3.2	3.0
60	1 : 300	3.2	3.0	2.9	2.7	2.6
50	1 : 250	2.6	2.5	2.4	2.3	2.2
40	1 : 200	2.1	2.0	1.9	1.8	1.7
30	1 : 150	1.6	1.5	1.4	1.4	1.3
20	1 : 100	1.1	1.0	—	—	—

Note.—These tables are intended to facilitate the calculation of the results and should not be regarded as imposing any limits on the dilutions to be used. They may be extended as desired.

BYLAE B.

SUIDWES-AFRIKA.

Ordonnansie op Voedings-, Genees- en Ontsmettingsmiddels 1952 (Ordonnansie 35 van 1952).

Sertifikaat van Patoloog ten Opsigte van die Ontsmettingskrag of -Doeltreffendheid van 'n Vloeibare Kiemdodende Middel.

Aan die Sekretaris van S.W.A.,
Regeringsgebou,
Windhoek.

Ek, ..., 'n patoloog, behoorlik aangestel ingevolge die Ordonnansie op Voedings-, Genees- en Ontsmettingsmiddels 1952 (Ordonnansie 36 van 1952), getuig hierby dat ek op die ..... dag van ..... 19..... van ..... van ..... 'n monster kiemdodende vloeistof ontvang het wat volgens sy verklaring ..... is, dat die monster in 'n onoopgemaakte pakket was met die Inspekteursnommer ..... daarop en die Inspekteursseël daarop gestempel (1) .....

Die seël was nog heel met die etiket wat hierby gaan, dat die monster volgens die Rideal-Walker-metode wat die vermelde Ordonnansie voorskryf, ondersoek is, en ek verklaar dat die monster 'n karbolsuur-koëffisiënt het van (2) ..... wat volgens die vermelde metode vasgestel is.

Plek .....
Datum ..... 19.....

Onderteken .....
Patoloog.

(1) As die seël genommer is, skryf die nommer in; so nie beskryf die seël.
(2) Gee die uitslag met woorde weer en herhaal dit met syfers in die hokkie.

Hierdie sertifikaat moet in drievoud ingedien word.

BYLAE C.

Ordonnansie op Voedings-, Genees- en Ontsmettingsmiddels 1952 (Ordonnansie 36 van 1952).

Aansoekvorm T.O.D. Algemene Waarborg en Registrasie-Sertifikaat.

Moet in tweevoud ingedien word.

Aan die Sekretaris van S.W.A.,
Regeringsgebou,
Windhoek.

Hierby doen ek ingevolge die bovermelde Ordonnansie aansoek om die registrasie van 'n „Algemene Waarborg" ten opsigte van die ondervermelde artikel:—

Naam en algemene aard van artikel .....

Naam en adres van produsent of fabrikant .....

Spesifikasies van die artikel word hierby aangeheg met besonderhede oor (a) die plek van produksie of vervaardiging, (b) die aard en bron van die bestanddele, (c) manier of wyse van produksie of vervaardiging, (d) samestelling, (e) verpakking, en (f) opskrifte.

In 'n afsonderlike omslag stuur ek aan u 'n monster van die artikel soos dit ter verkoop verpak en geëtiketteer word. Hierby sluit ek 'n tjek groot £5.5.0 in ter bestryding van die registrasiegeld wat die regulasie voorskryf.

Naamtekening .....

Plek .....
Datum ..... 19.....

ANNEXURE B.

SOUTH WEST AFRICA.

Food, Drugs and Disinfectants Ordinance, No. 36 of 1952.

Certificate of Pathologist in Respect of the Germicidal Power or Efficacy of a Liquid Germicide.

To the Secretary for South West Africa,
Government Buildings,
Windhoek.

I, ..., being a duly appointed pathologist under the Food, Drugs and Disinfectants Ordinance, No. 36 of 1952, hereby certify than on the ..... day of ..... 19....., I received from ..... of ..... a sample of liquid germicide stated by him to be of ..... that the samplo was contained in an intact package, bearing the Inspector's number ..... and with the Inspector's seal impressed (1) .....

which seal was intact and with the label attached hereto, that the sample has been examined by the Rideal-Walker method prescribed by the said Ordinance, and I declare that the sample has a carbolic acid co-efficient, as ascertained by that method of (2) .....

Place .....
Date ..... 19.....

Signed .....
Pathologist.

(1) If seal is numbered, insert number; if not describe seal.
(2) Result to be written in words followed by the figures in the space enclosed.

This Certificate should be furnished in Triplicate.

ANNEXURE C.

Food, Drugs and Disinfectants Ordinance, No. 36 of 1952.

Form of Application for General Warranty and Certificate of Registration.

To be submitted in duplicate.

To the Secretary for South West Africa,
Government Buildings,
Windhoek.

I hereby apply for registration of a "General Warranty" under the abovementioned Ordinance in respect of the following articles:—

Name and general nature of article .....

Name and address of producer or manufacturer .....

Specifications of the article are annexed hereto, giving particulars as to (a) place of production or manufacture, (b) nature and source of ingredients, (c) mode of method of production of manufacture, (d) composition. (e) packing, and (f) labelling.

I also transmit (under separate cover) a sample of the article, packed and labelled as for sale, and enclose cheque for £5.5.0, being the registration fee prescribed by the regulations.

Signed .....

Place .....
Date ..... 19.....

Registrasiesertifikaat.

Ek getuig hierby dat monsters van die bovermelde artikel en etiket ondersoek is en dat die vereistes van die Ordonnansie en regulations in verband daarmee nagekom is.

Die verkoop, met „Algemene Waarborg" verstrek deur ..... van .....

van artikels met dieselfde samestelling en etiket as die ingelewerde monster, word hierby ingevolge sub-artikel (3) (a) van artikel *agt-en-twintig* van die Ordonnansie, en onderhewig aan die bepalings van die Ordonnansie en die regulasies, goedgekeur.

'n Afskrif van so 'n Waarborg waaraan die volnommer ..... gegee is, is behoorlik in hierdie kantoor geregistreer.

.....
Sekretaris van Suidwes-Afrika.

Regeringsgebou,
Windhoek.

Datum ..... 19.....

Let Wel.—Hierdie sertifikaat is van krag tot op die eersvolgende 31 Maart na die datum van uitreiking, maar kan verleng word vir tydperke van een jaar teen 21s. per vernuwing, soos die regulasies bepaal. Dit kan egter te enige tyd ingetrek en gerojeer word as die artikel wat verkoop word na bevinding nie meer met die bovermelde spesifikasie ooreenkom nie, of nie voldoen aan die bepalings van die Ordonnansie of die regulasies nie.

Certificate of Registration.

I certify that samples of the above-mentioned article and label have been examined and found to be in accordance with the requirements of the Ordinance and regulations.

The sale of the article, having the same composition and labelling as the sample submitted, under a "General Warranty" given by .....
of .....
under sub-section (3) (a) of section *twenty-eight* of the Ordinance and subject to the provisions of the Ordinance and regulations, is hereby approved.

A copy of such Warranty, to which serial No. ..... has been assigned has been duly registered in this office.

.....
Secretary for South West Africa.

Government Buildings,
Windhoek.

Date ..... 19.....

N.B.—This certificate shall be of force and effect up to the 31st March following the date of issue, but may be extended for further periods of one year, at a fee of 21s. per renewal, as provided in the regulations. It may, however, be withdrawn and cancelled at any time if it is found that the article as sold is not in accordance with the above specifications or with any provision of the Ordinance or regulations.

BYLAE D.

SUIDWES-AFRIKA.

Ordonnansie op Voedings-, Genees- en Ontsmettingsmiddels 1952 (Ordonnansie 36 van 1952).

Volgnommer wat Inspekteur aan monster toegeken het .....

Monster se laboratoriumnommer .....

Analis se Sertifikaat.

Aan die (1) .....
.....
.....

Ek, ... 'n analis wat behoorlik ingevolge die Ordonnansie op Voedings-, Genees- en Ontsmettingsmiddels 1952 (Ordonnansie 36 van 1952) aangestel is, getuig hierby dat ek op die ..... dag van ..... 19.... van .....
van ..... 'n monster ontvang het, wat volgens sy verklaring ..... is;
dat die monster in 'n onoopgemaakte pakket was met die Inspekteursnommer ..... daarop en die Inspekteurseël (2) ..... daarop gestempel. Die seël was nog heel met die etiket daarop wat hierby gaan, of waarvan ek hierby 'n gesertifiseerde afskrik insluit (3); en dat ek die vermelde monster ontleed het, en dat die uitslag van my ontleding soos volg is: .....
.....
My mening omtrent die monster is dat dit .....
.....
.....

Handtekening .....
Analis.

Plek .....
Datum ..... 19.....

(1) Hierdie verslag moet gerig word aan—
  (a) Die Sekretaris van Suidwes-Afrika,
    Regeringsgebou,
    Windhoek, S.W.A.; of
  (b) waar dit gaan oor 'n monster ingestuur deur 'n plaaslike bestuur wat kragtens sub-artikel (3) van artikel *twee* van die Ordonnansie daartoe gemagtig is, aan die Mediese Gesondheidsbeampte van daardie plaaslike bestuur.

(2) As die seël 'n nommer het, skryf die nommer in; so nie, beskryf die seël.

(3) D.W.S. die etiket waarmee die artikel verkoop is. Skrap hierdie woorde as daar geen etiket of afskrif van 'n etiket ingesluit word nie.

Hierdie sertifikaat moet in tweevoud ingedien word.

ANNEXURE D.

SOUTH WEST AFRICA.

Food, Drugs and Disinfectants Ordinance. No. 36 of 1952.

Inspector's Serial No. of Sample ..... Laboratory No. of Sample .....

Certificate of Analyst.

To the (1) .....
.....
.....

I, ... being a duly appointed Analyst under the Food, Drugs and Disinfectants Ordinance, No. 16 of 1952, hereby certify that on the ..... day of ....., 19....., I received from ..... of .....
a sample stated by him to be of .....: that the sample was contained in an intact package, bearing the Inspector's number ..... and with the Inspector's seal impressed (2) .....
which seal was intact, and with the label or certified copy of the label attached hereto (3); and that I have analysed the said sample and I declare that the results of my analysis are as follows:—
.....
I am of the opinion that the sample is .....
.....

Signed .....
Analyst.

Place .....
Date ..... 19.....

(1) This report should be addressed to—
  (a) The Secretary for South West Africa.
    Government Buildings,
    Windhoek, S.W.A., or
  (b) In the case of a sample submitted by a Local Authority authorised under section *two* (3) of the Ordinance, to the Medical Officer of Health of that Local Authority.

(2) If seal is numbered, insert number: if not describe seal.

(3) This refers to the label under which the article was sold. Strike out these words if no label (original or certified copy) is attached.

This Certificate should be furnished in duplicate.

John Meinert (Pty) Ltd., Windhoek